Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2017

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IDRAMA*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Antwoord SLEGS die vrae wat gebaseer is op die tekste wat jy bestudeer het.

2. ŉ Leestyd van 15 minute word aan die begin van die eksamen gegee.

3. Hierdie vraestel het VIER afdelings:

   AFDELING A: 30 punte
   AFDELING B: 40 punte
   AFDELING C: 40 punte
   AFDELING D: 40 punte

4. AFDELING A: **REALISME** is VERPLIGTEND.
   VRAAG 1: Teater van Realisme **(ONDERWERPE 1 en 2)**

5. AFDELING B: **SUID-AFRIKAANSE TEATER** is VERPLIGTEND.
   VRAAG 2: Suid-Afrikaanse Teater **(ONDERWERPE 4 en 5)**

6. AFDELING C: **GESTILEERDE TEATER (ONDERWERPE 7 en 8)**
   Beantwoord SLEGS EEN vraag van hierdie afdeling:
   VRAAG 3: Kontemporêre Trans-Afrika Teater **OF**
   VRAAG 4: Elizabethaanse Teater **OF**
   VRAAG 5: Teater van die Verre Ooste **OF**
   VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
   VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater

7. AFDELING D is VERPLIGTEND: **TEATERGESKIENDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE (ONDERWERPE 3, 6, 9, 10 en 11)**
   VRAAG 8: Teatergeskiedenis (VERPLIGTEND) (20)

   Beantwoord SLEGS EEN van die volgende vrae:
   VRAAG 9: Stem en fisiese werk (20)
   VRAAG 10: Lewendige optrede (20)
   VRAAG 11: Rol van die regisseur (20)
   VRAAG 12: Rol van die ontwerper (20)

8. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Hou in gedagte dat die hoeveelheid punte per vraag ŉ aanduiding is van die hoeveelheid detail wat in jou antwoord verwag word.

10. Gebruik jou klaskamerkennis, asook jou eie onafhanklike en kreatiewe denke om die vraestel te beantwoord.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Trek ŉ streep na elke afdeling.

## AFDELING A: TEATER VAN REALISME

Hierdie AFDELING is VERPLIGTEND.

## VRAAG 1: TEATER VAN REALISME

1.1 Lees die volgende uittreksel van ŉ aanbieding deur Savanna Dobbs en beantwoord die vrae wat daarop volg. Verwys in jou antwoord na die toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het.

> … die handeling (plot) bevat heelwat dramatiese ironie. Daar is geheime en misverstande wat die gehoor van weet, maar dit is onbekend aan die ander karakters. Daar is ook baie eksposisie (uiteensetting), waarna die handeling (plot) gekunstelde ingange, uitgange, en rekwisiete gebruik om die spanning te verhoog. Die held is aanhoudend besig om gevegte teen sy teenstander te wen en te verloor.
>
> [Uittreksel uit *Savanna Dobbs oor Realistiese Drama*, 5 Feb. 2015]

Is die boonste uittreksel waar oor die Realisme-drama teks wat jy bestudeer het? Bewys dit deur die toneelstuk wat jy bestudeer het as ŉ voorbeeld te gebruik.

Jou opstel moet jou begrip van die konvensies (gebruike) van die teater van Realisme demonstreer, asook jou vermoë om dit te identifiseer en verduidelik in die gekose geskrewe toneelteks.

Jou opstel moet ten minste TWEE bladsye lank wees. **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER

2.1 Verduidelik die term '*hibriede*' ('hybrid') en gee 'n voorbeeld vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief. (4)

2.2 Wie is Gibson Kente en wat is sy bydrae tot Suid-Afrikaanse teater? (6)

2.3 Noem en bespreek die werke van enige ander TWEE Suid-Afrikaanse teater-praktisyns wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het. (6)

2.4 Is die toneelstuk wat jy bestudeer het geskik om in 'n *township*-ruimte opgevoer te word? Motiveer jou antwoord deur die drama wat jy bestudeer het as verwysing te gebruik. (6)

2.5 Bespreek die sosio-politieke kwessies gedurende die tydperk van die toneelstuk en die invloed wat dit op die temas van die teks wat jy bestudeer het, gehad het. (8)

2.6 Bespreek die doel van gemeenskapsteater in Suid-Afrika. (5)

2.7 Wat is die waarde daarvan vir die Suid-Afrikaanse jeug om Drama te bestudeer? Verskaf redes vir jou opinie. (5)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: GESTILEERDE TEATER

Beantwoord SLEGS EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3: Kontemporêre Trans-Afrika Teater **OF**
VRAAG 4: Elizabethaanse Teater **OF**
VRAAG 5: Teater van die Verre Ooste **OF**
VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE TRANS-AFRIKA TEATER

3.1 Noem die DRIE tipes Egungun en verduidelik die rol wat elk speel. (9)

3.2 Bespreek ten minste DRIE drama-elemente wat deel van rituele is. (6)

3.3 Watter politieke kwessies word ondersoek in die Trans-Afrika toneelteks wat jy hierdie jaar bestudeer het? Oorweeg die teks se sosio-politieke konteks en gee voorbeelde uit die teks in jou antwoord. (10)

3.4 Bespreek die ooreenkomste tussen Gestroopte (Arm)-Teater en Afrika-Teater met betrekking tot optrede. (10)

3.5 Skryf kort notas aan akteurs waarin jy verduidelik hoe hulle karakterisering in ŉ Trans-Afrika Teater optrede moet benader. (5)
**[40]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

4.1 Beskryf die TWEE maniere waarvolgens die term 'Elizabethaanse Teater' geïnterpreteer kan word. (4)

4.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *monoloog* en 'n *alleenspraak* ('soliloquy') en gee voorbeelde uit die Elizabethaanse teks wat jy bestudeer het. (6)

4.3 Bespreek wat verwag is van iemand om 'n akteur te kan word gedurende hierdie tydperk. (4)

4.4 Lees die volgende uittreksel geneem uit *m.elizabeth-era.uk* en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Elizabethaanse Era was 'n tydperk in die Engelse geskiedenis wat deur die klasse-struktuur oorheers is. Mense wat in die Elizabethaanse era geleef het, is nie toegelaat om te dra hulle wou nie. Dit het nie saak gemaak hoe wel-af mense was nie – die soort materiaal van hul klere is voorgeskryf volgens titel, status of posisie en hierdie streng reëls is deur Engelse wette bekragtig.
>
> [Bron: m.elizabeth-era.uk]

4.4.1 Bespreek enige gebeurtenis in die handeling ('plot') van die toneelstuk wat jy bestudeer het waar die idee van die 'ketting van bestaan' ('chain of being') duidelik is, en gee die redes daarvoor. (12)

4.4.2 Identifiseer EEN karakter van die Elizabethaanse drama wat jy bestudeer het. Analiseer sy/haar kostuum om te bewys dat die bogenoemde aanhaling korrek is. (6)

4.5 Waarom is dit vir die Suid-Afrikaanse jeug belangrik om Elizabethaanse Teater te bestudeer? (8)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE OOSTE

5.1 Op watter manier beïnvloed godsdiens teater? Gee ʼn voorbeeld uit die Teater van die Verre Ooste. (5)

5.2 Toneelrolle in Chinese Teater word in VIER hooftipes verdeel.

Noem en verduidelik hierdie rolle in detail. (8)

5.3 Kan ʼn Verre-Oosterse toneelstuk op ʼn proscenium-verhoog opgevoer word? Jou antwoord moet bewys dat jy verstaan hoe die verhoogspasie van die Teater van die Verre Ooste werk. (6)

5.4 Val die toneelteks wat jy bestudeer het onder Nō- of Kabuki-teater? Gebruik die teks wat jy bestudeer het om jou antwoord te bewys.

Bespreek die volgende in jou antwoord:

- Die kostuums
- Die ruimte
- Die struktuur van die toneelstuk (12)

5.5 As ʼn regisseur, skryf kort notas aan jou grimeerkunstenaar oor hoe hul die grimering vir jou Verre-Ooste opvoering moet doen. (5)

5.6 Gee jou opinie waarom dit nodig is vir ʼn akteur om oor verskillende teaterstyle te leer. (4)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

6.1 Bespreek ten minste VYF ooreenkomste tussen Amerikaanse en Suid-Afrikaanse sosio-politieke geskiedenis. (10)

6.2 Skryf ŉ kort paragraaf waarin jy die term *Broadway* en sy plek in die Amerikaanse Teater bespreek. (6)

6.3 Lees die volgende uittreksel oor die 'Amerikaanse Droom' (*American Dream)* en beantwoord dan die vrae wat volg.

> … party mense sê dat die *American Dream* die najaag na materiële welvaart geword het – mense werk meer ure om groter motors, mooier huise, die vrugte van welvaart vir hul families te kry – maar dat hulle minder tyd het om hul eie welvaart te geniet. Ander mense sê dat die *American Dream* onbereikbaar is vir die werkende armes wat twee werke moet hê om hul families se oorlewing te verseker. Andere sien egter uit na ŉ nuwe *American Dream* waar daar minder fokus op finansiële welvaart en meer fokus op ŉ eenvoudige vervulde lewe is.
>
> [Bron: www.lov.gov/teachers/classroommaterial/lessons/american-dream/students/thedream.html]

6.3.1 Hoe verstaan jy die Amerikaanse Droom *('American Dream*')? (2)

6.3.2 Bespreek hoe die Amerikaanse Droom sommige van die temas in die toneelteks wat jy bestudeer het, beïnvloed. (10)

6.3.3 Kies TWEE karakters uit die drama wat jy bestudeer het en verduidelik hoe die idee van die Amerikaanse Droom hul verhoudings in die toneelstuk beïnvloed. (6)

6.4 Gee notas aan ŉ akteur oor hoe hy suksesvol ŉ karakter kan speel deur van die Metode van Speel ('*Method Acting'*) gebruik te maak. Kies ŉ karakter uit die teks wat jy onder Amerikaanse Teater bestudeer het. (6)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

7.1 Skryf ’n kort paragraaf waarin jy die ontwikkeling van Ekspressionisme in die teater bespreek. (6)

7.2 Wie was Sigmund Freud en watter invloed het hy op Ekspressionisme in die teater gehad? (6)

7.3 Bestudeer die volgende uittreksel van *thedramateacher.com* en gebruik die teks wat jy bestudeer het onder Ekspressionisme om die vrae wat volg, te beantwoord.

> Die handeling (‘plot‘) en struktuur van die toneelstuk was meesal onsamehangend en verdeel in episodes, insidente en tableau, wat elk sy eie standpunt oorgedra het. In plaas van die dramatiese konflik van die *well-made play,* was die fokus op ’n reeks dramatiese stellings wat deur die dromer gemaak is, gewoonlik die dramaturg self. Uit hierdie struktuur het Brecht se Epiese Teater gegroei.
>
> [Bron: www.thedramateacher.com]

7.3.1 Verduidelik wat jy onder die term ‘*subjektief*’ verstaan.

7.3.2 Is bogenoemde uittreksel waar van Ekspressionistiese Teater? Gebruik die volgende in jou antwoord:

- Struktuur
- Dialoog
- Temas (12)

7.3.3 Kies EEN karakter van die toneelstuk wat jy bestudeer het en gee notas aan ’n akteur oor hoe om dit suksesvol op te voer. (6)

7.4 As ’n regisseur, watter styl verkies jy om in te werk, Realisme of Ekspressionisme? Ondersteun jou antwoord deur jou kennis van die konvensies van verskillende style in drama te demonstreer. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

VRAAG 8 is VERPLIGTEND.

### VRAAG 8: TEATERGESKIEDENIS

8.1 Bestudeer die volgende foto's en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**BRON A**



[Bron: Robin Hoods, Robins and Hoods on Pinterest]

**BRON B**




[Bron: www.guyrhodes.com]

8.1.1 Watter TWEE teaterpraktisyns kan geassosieer word met die twee style wat in **BRON A** en **BRON B** gesien kan word? (4)

8.1.2 Bespreek die visuele verskille tussen die twee foto's volgens die style en konvensies wat op elk betrekking het. (10)

8.2 Verduidelik die volgende skriftelik vir 'n akteur:

Hoe om 'n 'Heilige Akteur' (Holy Actor) te word. (6)

**[20]**

Beantwoord SLEGS EEN van die volgende vrae.

## VRAAG 9: STEM EN FISIESE WERK

9.1 Bestudeer die volgende uittreksel uit *www.storyarts.com* deur Heather Forest en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die menslike stem kan, as ŉ instrument, ŉ groot verskeidenheid toonhoogtes produseer, komplekse stemtone, aanbied en het ook slaginstrument-kapasiteit. Deur subtiele verandering van toonhoogte of ritme van die woorde in ŉ sin, kan ŉ storieverteller die kommunikasie dramaties verander en nuanses op verskillende vlakke skep. Byvoorbeeld, probeer om, "Ek het gesê ek sal gaan," te sê asof jy verras is, dan asof jy vol bravade is, en dan asof jy bieg dat jy ŉ misdaad gepleeg het...
>
> [Bron: www.storyarts.org/articles/voice.html]

9.1.1 Gee ŉ voorbeeld uit jou opvoering waar jy jou stem gebruik het ten einde die subteks te demonstreer. (4)

9.1.2 Bespreek hoe jy jou stem gebruik het om jou met karakterisering in jou temaprogram te help. (6)

9.2 Lees die volgende en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Die drie hoofsituasies wat lyftaal beskryf:
>
> - Lyftaal is ŉ belangrike deel van die gereedskap wat ŉ regisseur kan gebruik om die akteur te help om die beste optrede te bereik.
> - Akteurs kan skryf oor die lyftaal wat hulle gebruik het en die redes as self-evaluering.
> - Wanneer mens ŉ opvoering evalueer, behoort lyftaal iets te wees waarna ŉ mens kyk.
>
> [Bron: J.P.J. Baba. *Importance of Body Language in Drama.* wecommunication.blogspot. 22 Sept. 2014]

9.2.1 As ŉ regisseur, skryf kort notas waarin jy akteurs raad gee oor hoe om volledige fisiese karakterisering vir ŉ opvoering te bereik. (5)

9.2.2 Bespreek hoe jy lyftaal gebruik het om jou karakter se denke in een van jou optredes hierdie jaar, uit te beeld. (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 10: LEWENDIGE OPTREDE

Kyk na die volgende foto en antwoord die vrae wat volg.



Thapelo Mohapi Oora Motsikoe tree op in *Masote's Dream* by die 2015 Nasionale Kunsfees. (Foto: CuePix / Jane Berg) – in Grahamstown, Oos-Kaap.

[Bron: National Arts Festival Grahamstown. Facebook page]

10.1 Wat verg dit van jou om 'n suksesvolle akteur te wees sodat jy kan speel in produksies soos die een hierbo? (8)

10.2 Hoe kan 'n akteur hom/haarself voorberei om 'n geloofwaardige optrede te bereik? (6)

10.3 Verkies jy lewendige optrede of optrede op 'n skerm ('screen')? Motiveer jou antwoord. (6)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR

Lees die volgende uittreksel sorgvuldig deur en antwoord die vrae wat volg.

> Om te besluit oor interpretasie, moet die regisseur die teks analiseer om die drama se struktuur en betekenisse te ontdek. Sonder begrip daarvan kan die regisseur geen keuses maak nie. Hy of sy moet weet waaroor die toneelstuk gaan en elke karakter verstaan in terme van beide die teks en die uitdagings wat die karakter aan die akteur stel.
>
> [Bron: D. Bruch.1990. *Directing Theatre*. Hoofstuk 10]

11.1 Skryf notas aan jou rolverdelingsregisseur (‘casting director’) waarin jy verduidelik watter tipe akteurs jy vir jou produksie nodig het. (10)

11.2 Verkies jy om eerder vir televisie-of lewendige teater-regie te doen? Gee redes vir jou antwoord. (5)

11.3 Bespreek die vaardighede wat nodig is om ŉ suksesvolle teater- of televisie-/filmregisseur te word. (5)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER

12.1 Wie is jou gunsteling ontwerper van wie jy hierdie jaar geleer het? Gee redes vir jou keuse. (6)

12.2 Lees die volgende uittreksel deeglik deur en antwoord die vrae wat daarop volg.

> Die produksie-ontwerper werk nou saam met die regisseur om ŉ gemeenskaplike visie vir die stuk te vorm en is dan verantwoordelik vir elke aspek van die ontwerp. Hierdie is ŉ baie kreatiewe rol en kan ook ander areas soos film en multimedia insluit. Die produksie-ontwerper kan ook spesialiste huur om mee saam te werk soos ŉ stelontwerper of ŉ beligtingstegnikus …
>
> [Bron: www.bbc.co.uk/education. *Theatre Design.*

12.2.1 Wat moet die verhouding tussen die regisseur en die ontwerper wees in ŉ produksiespan ten einde ŉ suksesvolle produksie te verseker? (6)

12.2.2 Bespreek hoe jy ontwerp gebruik het ten einde die ruimte van jou temaprogram hierdie jaar te skep. (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou